## O.S.I. SAKENUUS: April 20, 2010

1. Voorgestelde wetgewing in velede week in die parlement bespreek wat FICA vereistes verder verhoog. Dit is met verontwaardiging ontvang uit verskeie oorde. Banke is van mening dat dit oordoen word en finansiële kostes sal verhoog wat op die verbruiker oorgedra sal moet word.

2. Mynbou eksplorasieregulering in Suid-Afrika plaas die land nou as die 62ste mees ongunstige land in die wêreld uit 72 lande. Dit beteken dat S.A. ‘n verdere 13 plekke terug gesak het.

3. Die Mededingingstribunaal het die drie grootste voertuigopspoorders Netstar, Matrix en Tracker skuldig bevind aan ‘n oortreding van die Mededingswet deurdat hulle standaarde vir die bedryf so help opstel het dat dit sake vir mededingers onmoontlik maak om toe te tree.

4. Okosa (Onafhanklike Kommunikasie-owerheid) probeer met volgehoue druk om die drie selfoonmaatskappye in die land te dwing om meer redelike pryse op verbruikers te hef. Die spitstyd interkonneksietariewe is op 1 Maart 2010 afgebring van R1,25 na R89c per minuut, maar oproepkoste is steeds veels te hoog.

5. Pasasiers- en handelsvoertuigverkope het in die eerste kwartaal vanjaar onderskeidelik met 21,4% en 9,6% gestyg. Dit het ‘n verhoging in produksie teweeggebring met indiensnemings van 1 196. In 2008 en 2009 moes werkers verminder word met 2 566 en 4 000 onderskeidelik.

6. Al hoe meer Afrikaanse maatskappye, wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, sien nie meer kans om hulle Jaarverslae ook in Afrikaans te laat druk nie. Die drukkoste van die verslae is glo die rede daarvoor. In ‘n onlangse opname is vasgestel dat dit nog net die Rupertgroep, Shoprite en Naspers is wat kans sien om hulle jaarverslae ten volle ook in Afrikaans uit te gee.

**Verdere inligting en ander sakenuus kan gevind word op die webwerf van die Oranje Sake Instituut by www.oranje.org.za**